"(5) Where a body or person has in terms of subsection (4) or (4A) nominated or designated a person as member of the Board, such body or person shall, subject to subsection (6), in the same manner nominate or designate a person as alternate to such member to act as member when the member is incapable to do so, and the body or person concerned shall forthwith notify the Board and the Racing and Betting Board in writing of the name and address of the alternate, and if he holds any office in the horse-racing industry, also full particulars thereof;"

(h) by the insertion in subsection (6) after the words "horse-racing industry" of the words "in the Province";

(i) by the substitution in paragraph (a) of subsection (7) —

(i) for the words "his appointment" of the words "the commencement of his term of office"; and

(ii) for the proviso thereto, of the following proviso:

"Provided that a member who fills a vacancy which arose in terms of paragraph (d), shall hold office for the unexpired portion of the term of office of the member he replaces;"

(j) by the substitution in paragraph (b) of subsection (7) for the word "appointed" of the word "nominated";

(k) deur paragraaf (c) van subartikel (7) te skrap;

(l) deur paragrawe (d) en (e) van subartikel (7) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

“(d) 'n Lid van die Raad—

(i) wat ingevolge subartikel (4) benoem of aangewys is, ontruim sy amp indien iemand anders in sy plek ingevolge subartikel (4A) benoem of aangewys word; en

(ii) wat ingevolge paragraaf (c) van subartikel (4) benoem is, ontruim verder sy amp indien hy 'n amp in stryd met subartikel (6) beklee.

(e) Enige vakature in die Raad wat ontstaan weens ampsontruiming ingevolge paragraaf (d) (ii) of weens die bedanking van 'n lid word onverwylde gevul met inagneming van subartikels (4) en (6).”;

(m) deur in subartikel (8) die woord “Administrateur”, waar dit ook al voorkom, deur die woorde “Raad op Wedrenne en Weddenskappe” te vervang;

(n) deur na subartikel (8) die volgende subartikel in te voeg:

“(8A) (a) Die reëls in paragraaf (d) van subartikel (8) beoog, en enige wysiging aan sodanige reëls, het nie enige regsrag nie alvorens dit deur die Raad op Wedrenne en Weddenskappe goedgekeur is.

(b) 'n Reël wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wysigingsproklamasie op Perdewedrenne en Weddenskappe, 1993, gegeld het, word geag ingevolge paragraaf (a) goedgekeur te wees.”;

(o) deur in subartikel (9) die woord “Administrateur” deur die woorde “Raad op Wedrenne en Weddenskappe” te vervang;

(p) deur in—

(i) paragrawe (b) en (c) van subartikel (10) die woord “Administrateur”, waar dit ook al voorkom, deur die woorde “Raad op Wedrenne en Weddenskappe”; en

(ii) paragraaf (c) van subartikel (10) die woord “hy” deur die woorde “laasgenoemde Raad”,

te vervang;

(q) deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (14) te skrap; en

(r) deur in subartikel (15) die woord “Administrateur”, waar dit ook al voorkom, deur die woorde “Raad op Wedrenne en Weddenskappe” te vervang.

Wysiging van artikel 12 van Ordonnansie 24 van 1978, soos gewysig deur artikel 9 van Proklamasie (Administrateurs-) 30 van 1992

9. Artikel 12 van die Ordonnansie word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die uitdrukking wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende uitdrukking te vervang;

“Die Raad op Wedrenne en Weddenskappe kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, 'n permit uitreik aan—”;

(b) deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:

“(1A) 'n Permit wat onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van die Wysigingsproklamasie op Perdewedrenne en Weddenskappe, 1993, bestaan het, word geag kragtens subartikel (1) uitgereik te wees.”;

(c) deur in subartikel (2) die woord “Administrateur” deur die woorde “Raad op Wedrenne en Weddenskappe” te vervang;

(d) deur in subartikel (4)—

(i) die woord “Administrateur” deur die woorde “Raad op Wedrenne en Weddenskappe”; en

(ii) die woord “hy” deur die woorde “Raad op Wedrenne en Weddenskappe”,

te vervang; en

(e) deur in subartikel (6) die woorde “voorgeskryf word” deur die woorde “die Raad op Wedrenne en Weddenskappe bepaal” te vervang.

Vervanging van Dele 3 en 3A van Hoofstuk 2 van Ordonnansie 24 van 1978

10. Dele 3 en 3A van Hoofstuk 2 van die Ordonnansie word hierby deur die volgende Deel vervang:

(k) by the deletion of paragraph (c) of subsection (7);

(l) by the substitution for paragraphs (d) and (e) of subsection (7) of the following paragraphs respectively:

“(d) A member of the Board—

(i) who has been nominated or designated in terms of subsection (4) shall vacate his office if another person is nominated or designated in his stead in terms of subsection (4A); and

(ii) who has been nominated in terms of paragraph (c) of subsection (4) shall further vacate his office if he holds an office contrary to subsection (6).

(e) Any vacancy on the Board which arises on account of the vacating of office in terms of paragraph (d) (ii) or on account of the resignation of a member shall be filled forthwith with due regard to subsections (4) and (6).”;

(m) by the substitution in subsection (8) for the word “Administrator”, wherever it appears, of the words “Racing and Betting Board”;

(n) by the insertion after subsection (8) of the following subsection:

“(8A) (a) The rules contemplated in paragraph (d) of subsection (8), and any amendment to such rules, shall not have any force or effect before they have been approved by the Racing and Betting Board.

(b) A rule which applied immediately prior to the date of commencement of the Horse-racing and Betting Amendment Proclamation, 1993, shall be deemed to have been approved in terms of paragraph (a).”;

(o) by the substitution in subsection (9) for the word “Administrator” of the words “Racing and Betting Board”;

(p) by the substitution—

(i) in paragraphs (b) and (c) of subsection (10) for the word “Administrator”, wherever it appears, of the words “Racing and Betting Board”; and

(ii) in paragraph (c) of subsection (10) for the word “he” of the words “the latter Board”;

(q) by the deletion of the proviso to subsection (14); and

(r) by the substitution in subsection (15) for the word “Administrator”, wherever it appears, of the words “Racing and Betting Board”.

Amendment of section 12 of Ordinance 24 of 1978, as amended by section 9 of Proclamation (Administrator's) 30 of 1992

9. Section 12 of the Ordinance is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for the expression preceding paragraph (a) of the following expression;

“The Racing and Betting Board may, subject to such conditions as it may determine, issue a permit to—”;

(b) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

“(1A) A permit which existed immediately prior to the date of commencement of the Horse-racing and Betting Amendment Proclamation, 1993, shall be deemed to have been issued under subsection (1).”;

(c) by the substitution in subsection (2) for the word “Administrator” of the words “Racing and Betting Board”;

(d) by the substitution in subsection (4)—

(i) for the word “Administrator” of the words “Racing and Betting Board”; and

(ii) for the word “he” of the words “the Racing and Betting Board”; and

(e) by the substitution in subsection (6) for the words “as may be prescribed” of the words “as the Racing and Betting Board may determine”.

Substitution of Parts 3 and 3A of Chapter 2 of Ordinance 24 of 1978

10. The following Part is hereby substituted for Parts 3 and 3A of Chapter 2 of the Ordinance:

"Deel 3**BEROEPSWEDDERWEDDENSAPPE****Instelling van Tattersalls**

14. (1) (a) Die Raad op Wedrenne en Weddenskappe kan op enige plek wat hy dienstig ag 'n wedbeurs instel waar weddenskappe op die uitslag van enige perdewedren of sportgebeurtenis aangegaan en vereffen kan word, en so 'n wedbeurs staan as Tattersalls vir die betrokke plek bekend.

(b) 'n Tattersalls wat onmiddellik voor die datum van inwerking-treding van die Wysigingsproklamasie op Perdewedrenne en Weddenskappe, 1993, bestaan het, word geag kragtens paragraaf (a) ingestel te wees.

(2) Die Raad op Wedrenne en Weddenskappe kan te eniger tyd die instelling van 'n Tattersalls intrek.

(3) Die Raad op Wedrenne en Weddenskappe bestuur en beheer alle Tattersalls.

(4) (a) Die Raad op Wedrenne en Weddenskappe bepaal ten opsigte van elke Tattersalls die getal hokkies wat daarin opgerig mag word, en daardie Raad kan te eniger tyd die getal aldus bepaal, vermeerder of verminder.

(b) Die getal hokkies wat in 'n Tattersalls beset was onmiddellik voor die datum van inwerking-treding van die Wysigingsproklamasie op Perdewedrenne en Weddenskappe, 1993, word geag die getal hokkies te wees wat ingevolge paragraaf (a) ten opsigte van die betrokke Tattersalls bepaal is.

(5) Slegs een gelisensieerde beroepswedder mag die besigheid van beroepswedder in 'n hokkie wat ingevolge subartikel (4) (a) bepaal is, dryf: Met dien verstande dat die Raad op Wedrenne en Weddenskappe, behoudens die bepalings van artikel 21, meerdere gelisensieerde beroepswedders kan magtig om so 'n besigheid in vennootskap te dryf.

Aantal staanplekke op renbaan

15. (1) (a) Die Raad op Wedrenne en Weddenskappe moet ten opsigte van elke gelisensieerde renbaan—

(i) die aantal staanplekke wat daarop verskaf kan word, bepaal;

(ii) die bedrag goedkeur wat 'n wedrenklub wat wedrenbyeenkomste op die betrokke renbaan hou 'n gelisensieerde beroepswedder as optreegeld kan vra vir die reg om sy besigheid as beroepswedder op so 'n renbaan te dryf,

en daardie Raad kan te eniger tyd die aantal aldus bepaal of die bedrag aldus goedgekeur, vermeerder of verminder.

(b) Die getal staanplekke wat op 'n gelisensieerde renbaan beset was en die bedrag wat as optreegeld vir sodanige renbaan goedgekeur was onmiddellik voor die datum van inwerking-treding van die Wysigingsproklamasie op Perdewedrenne en Weddenskappe, 1993, word onderskeidelik geag die aantal staanplekke bepaal te wees en die bedrag goedgekeur te wees ingevolge paragraaf (a) ten opsigte van die betrokke renbaan.

(2) Slegs een gelisensieerde beroepswedder mag die besigheid van beroepswedder op 'n staanplek wat ingevolge subartikel (1) (a) bepaal is, dryf: Met dien verstande dat die Raad op Wedrenne en Weddenskappe, behoudens die bepalings van artikel 21, meerdere gelisensieerde beroepswedders kan magtig om so 'n besigheid in vennootskap te dryf.

Toekening van hokkies en staanplekke

16. (1) (a) Die Raad op Wedrenne en Weddenskappe het die uitsluitlike diskresie om—

(i) in die geval van 'n Tattersalls, 'n hokkie;

(ii) in die geval van 'n renbaan, 'n staanplek,

aan 'n gelisensieerde beroepswedder toe te ken om sy besigheid te dryf.

(b) 'n Hokkie of staanplek wat deur 'n gelisensieerde beroepswedder beset was onmiddellik voor die datum van inwerking-treding van die Wysigingsproklamasie op Perdewedrenne en Weddenskappe, 1993, word geag ingevolge paragraaf (a) aan hom toegeken te wees.

"Part 3**BOOKMAKER BETTING****Establishment of Tattersalls**

14. (1) (a) The Racing and Betting Board may establish a betting exchange at any place it may deem expedient where bets on the result of any horse-race or sporting event may be made and settled, and such exchange shall be known as Tattersalls for the place concerned.

(b) A Tattersalls which existed immediately prior to the date of commencement of the Horse-racing and Betting Amendment Proclamation, 1993, shall be deemed to have been established under paragraph (a).

(2) The Racing and Betting Board may at any time revoke the establishment of a Tattersalls.

(3) The Racing and Betting Board shall manage and control all Tattersalls.

(4) (a) The Racing and Betting Board shall in respect of every Tattersalls determine the number of cubicles which may be erected thereat, and that Board may at any time increase or decrease the number so determined.

(b) The number of cubicles occupied in a Tattersalls immediately prior to the date of commencement of the Horse-racing and Betting Amendment Proclamation, 1993, shall be deemed to be the number of cubicles determined in terms of paragraph (a) for the Tattersalls concerned.

(5) One licensed bookmaker only may carry on the business of bookmaker in a cubicle determined in terms of subsection (4) (a): Provided that the Racing and Betting Board may, subject to the provisions of section 21, authorize more than one licensed bookmaker to carry on such business in partnership.

Number of stands on race-course

15. (1) (a) The Racing and Betting Board shall in respect of every licensed race-course—

(i) determine the number of stands which may be provided thereon;

(ii) approve the amount the racing-club holding race-meetings on the race-course concerned may charge a licensed bookmaker as a stand-up fee for the right to conduct his business as bookmaker on such race-course,

and that Board may at any time increase or decrease the number so determined or amount so approved.

(b) The number of stands occupied on a licensed race-course and the amount approved as a stand-up fee for such race-course prior to the date of commencement of the Horse-racing and Betting Amendment Proclamation, 1993, shall be deemed to be respectively the number of stands determined and the amount approved in terms of paragraph (a) for the race-course concerned.

(2) One licensed bookmaker only may carry on the business of bookmaker on a stand determined in terms of subsection (1) (a): Provided that the Racing and Betting Board may, subject to the provisions of section 21, authorize more than one licensed bookmaker to carry on such business in partnership.

Allocation of cubicles and stands

16. (1) (a) The Racing and Betting Board shall have the sole discretion to allocate—

(i) in the case of a Tattersalls, a cubicle;

(ii) in the case of a race-course, a stand,

to a licensed bookmaker to carry on his business.

(b) A cubicle or stand occupied by a licensed bookmaker immediately prior to the date of commencement of the Horse-racing and Betting Amendment Proclamation, 1993, shall be deemed to have been allocated to him in terms of paragraph (a).

(2) Waar die getal hokkies in 'n Tattersalls of staanplekke op 'n renbaan ingevolge artikel 14 (4) of 15 (1) vermeerder word, of waar vir welke rede ook al 'n bestaande hokkie of staanplek vakant raak, verkoop die Raad op Wedrenne en Weddenskappe die reg om die besigheid van beroepswedder in so 'n hokkie of op so 'n staanplek te dryf per tender, en iemand wat 'n tender indien, verskaf die waarborge vir die tenderprys wat die Raad op Wedrenne en Weddenskappe vereis, en doen, indien hy nie 'n gelisensieerde beroepswedder is nie; gelyktydig kragtens artikel 18 aansoek om 'n beroepswedderslisensie.

Dryf van besigheid van beroepswedder

17. (1) Niemand dryf die besigheid van 'n beroepswedder of verrig enige handeling in verband daarmee nie tensy hy die houër van 'n geldige beroepswedderslisensie is.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie op iemand wat geregistreer is—

(a) as 'n beroepsweddersbestuurder; of

(b) as 'n beroepsweddersklerk,

en wat in die uitvoering van sy werksaamhede as sodanige bestuurder of klerk in sy werkgewer se diens optree.

(3) Waar dit in enige vervolging—

(a) beweer word dat die beskuldigde die besigheid van 'n beroepswedder gedryf het of enige handeling in verband daarmee verrig het sonder dat hy die houër van 'n geldige beroepswedderslisensie is, word dit vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die beskuldigde sodanige besigheid gedryf of sodanige handeling verrig het;

(b) bewys word dat die beskuldigde in besit was van boeke of rekords wat gewoonlik gebruik of gehou word vir doeleindes van weddenskappe of in besit was van boeke of rekords wat wesenlik soortgelyk is aan sulke boeke of rekords, word dit vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die beskuldigde die besigheid van beroepswedder gedryf het.

(4) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Aansoek om beroepswedderslisensie

18. (1) (a) Wanneer 'n vakature vir 'n beroepswedder in 'n Tattersalls of op 'n renbaan ontstaan, adverteer die Raad op Wedrenne en Weddenskappe sodanige vakature en stel 'n sluitingsdatum, wat nie minder as 21 dae vanaf die datum van die advertensie is nie, vas vir die ontvangs deur daardie Raad van aansoeke vir die vulning van die vakature.

(b) Die advertensie in paragraaf (a) beoog, word in 'n nuusblad wat in die Provinsie sirkuleer, gepubliseer, en die bepalings van artikel 91 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983 (Wet No. 110 van 1983), is *mutatis mutandis* van toepassing op die publikasie van so 'n advertensie.

(2) Iemand wat 'n vakature beoog in subartikel (1) (a) wil vul, dien by die Raad vir Wedrenne en Weddenskappe 'n skriftelike aansoek vir 'n beroepswedderslisensie in, en so 'n aansoek is in die vorm en die aansoeker verstrek die inligting, met inbegrip van volle besonderhede van enige kriminele rekord, wat daardie Raad bepaal.

(3) Iemand wat 'n aansoek om 'n beroepswedderslisensie by die Raad op Wedrenne en Weddenskappe ingedien het, publiseer binne 14 dae vanaf die datum van die indiening van die aansoek 'n kennisgewing in beide amptelike tale in 'n nuusblad wat in die Provinsie sirkuleer waarin vermeld word dat hy so 'n aansoek ingedien het, en so 'n kennisgewing bevat die verdere inligting wat die Raad op Wedrenne en Weddenskappe bepaal.

(4) (a) Enigiemand kan binne 21 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing in subartikel (3) genoem, skriftelik by of tot die Raad op Wedrenne en Weddenskappe—

(i) beswaar teen die toestaan van die aansoek aanteken;

(ii) enige inligting wat hy onder die Raad op Wedrenne en Weddenskappe se aandag wil bring, verstrek.

(b) Iemand wat beswaar aanteken of inligting verstrek soos in paragraaf (a) beoog, verstrek sy volle naam en adres, en in die geval van 'n beswaar, meld volledig die redes vir die beswaar.

(c) Die Raad op Wedrenne en Weddenskappe verstrek aan die aansoeker 'n afskrif van die beswaar aangeteken of inligting verstrek ingevolge paragraaf (b).

(2) Where the number of cubicles in a Tattersalls or stands on a race-course is increased in terms of section 14 (4) or 15 (1), or where an existing cubicle or stand for whatever reason becomes vacant, the Racing and Betting Board shall sell the right to carry on the business of bookmaker in such cubicle or on such stand by tender, and a person who submits a tender shall furnish such guarantees for the price tendered as the Racing and Betting Board may require and, shall, if he is not a licensed bookmaker, simultaneously apply for a bookmaker's licence under section 18.

Carrying on of bookmaker's business

17. (1) No person shall carry on the business of a bookmaker or perform any act connected therewith unless he is the holder of a valid bookmaker's licence.

(2) The provisions of subsection (1) shall not apply to a person registered—

(a) as a bookmaker's manager; or

(b) as a bookmaker's clerk,

and who acts in the execution of his functions as such manager or clerk in the service of his employer.

(3) Where in any prosecution—

(a) it is alleged that the accused has carried on the business of a bookmaker or has performed any act connected therewith without being the holder of a valid bookmaker's licence, it shall be presumed, until the contrary is proved, that the accused has carried on such business or has performed such act;

(b) it is proved that the accused was in possession of books or records usually kept or used for bookmaking purposes or was in possession of books or records which are substantially similar to such books or records, it shall be presumed, until the contrary is proved, that the accused has carried on the business of a bookmaker.

(4) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence.

Application for bookmaker's licence

18. (1) (a) Whenever a vacancy for a bookmaker occurs in a Tattersalls or on a race-course, the Racing and Betting Board shall advertise such vacancy and shall fix a closing date, which shall not be less than 21 days from the date of the advertisement, for the receipt by that Board of applications for the filling of the vacancy.

(b) The advertisement contemplated in paragraph (a) shall be published in a newspaper circulating in the Province, and the provisions of section 91 of the South Africa Constitution Act, 1983 (Act 110 of 1983), shall apply *mutatis mutandis* to the publication of such advertisement.

(2) Any person who desires to fill a vacancy contemplated in subsection (1) (a) shall submit to the Racing and Betting Board on application in writing for a bookmaker's licence, and such an application shall be in such form and the applicant shall furnish such information, including full particulars of any criminal record, as that Board may determine.

(3) A person who has submitted an application to the Racing and Betting Board for a bookmaker's licence shall, within 14 days from the date of submitting the application, publish a notice in both official languages in a newspaper circulating in the Province in which it is stated that he has submitted such an application, and such notice shall contain such further information as the Racing and Betting Board may determine.

(4) (a) Any person may within 21 days from the date of publication of the notice referred to in subsection (3) lodge with or furnish to the Racing and Betting Board in writing—

(i) an objection to the granting of the application;

(ii) any information which he wishes to bring to the notice of the Racing and Betting Board.

(b) Any person lodging an objection or furnishing any information as contemplated in paragraph (a) shall furnish his full name and address, and in the case of an objection, state fully the reasons for the objection.

(c) The Racing and Betting Board shall furnish the applicant with a copy of any objection lodged or information furnished in terms of paragraph (b).

(5) Iemand wat opsekklik of nalatiglik valse of misleidende inligting verstrek in of in verband met 'n aansoek om 'n beroepswedderslisensie, is aan 'n misdryf skuldig.

Oorweging van aansoek

19. (1) Die Raad op Wedrenne en Weddenskappe oorweeg elke aansoek wat ingevolge subartikel (2) van artikel 18 ontvang word tesame met enige beswaar of inligting wat ingevolge subartikel (4) van daardie artikel aangeteken of verstrek is, en kan—

(a) van die aansoeker vereis om enige verdere inligting wat daardie Raad vir die oorweging van die aansoek nodig ag, te verstrek of iemand anders versoek om sodanige inligting te verstrek;

(b) van die aansoeker vereis om voor die Raad op Wedrenne en Weddenskappe te verskyn en die vrae wat daardie Raad vir die oorweging van die aansoek dienstig ag, te beantwoord;

(c) die oorweging van die aansoek tot 'n latere datum uitstel;

(d) die aansoek toestaan op die voorwaardes wat daardie Raad bepaal, met inbegrip van 'n voorwaarde om 'n waarborg vir die betaling van weddenskapskulde te verskaf;

(e) die aansoek weier.

(2) Die bedrag van die waarborg in subartikel (1) (d) beoog en die vorm van sodanige waarborg, is soos deur die Raad op Wedrenne en Weddenskappe, hetsy in die algemeen of in die besonder, bepaal.

(3) Waar iemand wat 'n tender ingevolge artikel 16 (2) ingedien het, aansoek om 'n beroepswedderslisensie doen, word so 'n tender vir doeleindes van hierdie artikel, geag 'n deel van die aansoek te wees.

Uitrek van beroepswedderslisensie

20. (1) Waar die Raad op Wedrenne en Weddenskappe 'n aansoek ingevolge artikel 19 (1) (d) toegestaan het, reik hy aan die aansoeker 'n beroepswedderslisensie uit wat—

(a) in die vorm is wat daardie Raad bepaal;

(b) die voorwaardes aandui waarop die aansoek toegestaan is;

(c) wat, behoudens die bepalings van hierdie Hoofstuk, geldig is vir die tydperk daarop aangedui, welke tydperk nie na 31 Augustus van enige jaar strek nie.

(2) 'n Beroepswedderslisensie word nie uitgereik nie alvorens en tensy die aansoeker—

(a) waar hy 'n tender ingevolge artikel 16 (2) ingedien het, die koopprys vir die betrokke reg betaal of die verdere waarborg wat die Raad op Wedrenne en Weddenskappe vir die betaling daarvan bepaal, verskaf; en

(b) die lisensiegelde deur die Raad op Wedrenne en Weddenskappe bepaal, betaal,

binne 14 dae na die datum waarop die aansoek toegestaan is.

(3) 'n Beroepswedderslisensie wat geldig was onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van die Wysigingsproklamasie op Perdewedrenne en Weddenskappe, 1993, word vir die geldigheidsduur daarvan geag ingevolge hierdie artikel uitgereik te wees.

Finansiële belang in besigheid van gelisensieerde beroepswedder

21. (1) (a) Behoudens subartikel (2) mag niemand vanaf die datum van inwerkingtreding van die Wysigingsproklamasie op Perdewedrenne en Weddenskappe, 1993, enige direkte of indirekte finansiële belang in die besigheid van 'n gelisensieerde beroepswedder hê nie, en mag geen gelisensieerde beroepswedder vanaf daardie datum iemand toelaat om so 'n belang in sy besigheid te hê nie.

(b) Iemand wat 'n bepaling van paragraaf (a) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) (a) 'n Gelisensieerde beroepswedder wat onmiddellik voor die datum genoem in subartikel (1) (a) sy besigheid in vennootskap met een of meer gelisensieerde beroepswedders gedryf het, kan sy belang in daardie besigheid vir die geldigheidsduur van sy lisensie behou.

(b) Die Raad op Wedrenne en Weddenskappe kan op aansoek 'n gelisensieerde beroepswedder magtig om 'n vennoot te word in hoogstens een beroepsweddersbesigheid op 'n gelisensieerde renbaan en in hoogstens drie beroepsweddersbesighede in 'n Tattersalls.

(5) Any person who willfully or negligently furnishes false or misleading information in or in connection with an application for a bookmaker's licence, shall be guilty of an offence.

Considering of application

19. (1) The Racing and Betting Board shall consider every application received in terms of subsection (2) of section 18 together with any objection lodged or information furnished in terms of subsection (4) of that section, and it may—

(a) require from the applicant to furnish any further information that Board may deem necessary for the consideration of the application or call upon any other person to furnish such information;

(b) require the applicant to appear before the Racing and Betting Board and answer such questions as that Board may deem necessary for the consideration of the application;

(c) postpone the consideration of the application to a later date;

(d) grant the application on such conditions as that Board may determine, including a condition to furnish a guarantee for the payment of betting debts;

(e) refuse the application.

(2) The amount of the guarantee contemplated in subsection (1) (d) and the form of such guarantee shall be as determined by the Racing and Betting Board, either generally or specifically.

(3) Where a person who has submitted a tender in terms of section 16 (2), applies for a bookmaker's licence, the tender shall, for the purposes of this section, be regarded as part of the application.

Issue of bookmaker's licence

20. (1) Where the Racing and Betting Board has granted an application in terms of section 19 (1) (d), it shall issue to the applicant a bookmaker's licence which shall—

(a) be in the form determined by that Board;

(b) indicate the conditions on which the application was granted;

(c) subject to the provisions of this Chapter, be valid for the period indicated thereon which period shall not extend beyond 31 August of any year.

(2) A bookmaker's licence shall not be issued before and unless the applicant—

(a) where he has submitted a tender in terms of section 16 (2), pays the purchase price for the right concerned or furnishes such further guarantee for the payment thereof as the Racing and Betting Board may determine; and

(b) pays the licence fee determined by the Racing and Betting Board,

within 14 days from the date the application was granted.

(3) A bookmaker's licence which was valid immediately prior to the date of commencement of the Horse-racing and Betting Amendment Proclamation, 1993, shall, for the period of validity thereof, be deemed to have been issued in terms of this section.

Financial interest in business of licensed bookmaker

21. (1) (a) Subject to subsection (2) no person shall, from the date of commencement of the Horse-racing and Betting Amendment Proclamation, 1993, have any direct or indirect financial interest in the business of a licensed bookmaker, and no licensed bookmaker shall from that date allow any person to have such an interest in his business.

(b) Any person who contravenes a provision of paragraph (a) or fails to comply therewith, shall be guilty of an offence.

(2) (a) A licensed bookmaker who immediately prior to the date referred to in subsection (1) (a) carried on his business in partnership with one or more licensed bookmakers, may keep his interest in that business for the period of validity of his licence.

(b) The Racing and Betting Board may on application authorize a licensed bookmaker to become a partner in not more than one bookmaker's business on a licensed race-course and in not more than three bookmaker's businesses in a Tattersalls.

(3) Elke beroepswedder wat uit hoofde van subartikel (2) (b) 'n vennoot in 'n beroepsweddersbesigheid is, moet ten opsigte van elke besigheid waarin hy 'n vennoot is—

(a) die Raad op Wedrenne en Weddenskappe op die hoogte hou van enige verandering in die aard en omvang van sy belang; en

(b) aan die Raad op Wedrenne en Weddenskappe 'n afsonderlike waarborg vir die betaling van weddenskapskulde soos in artikel 19 (2) beoog, verskaf.

Hernuwing van beroepswedderslisensie

22. 'n Gelisensieerde beroepswedder wat sy beroepswedderslisensie wil hernieu, doen voor die verstryking daarvan, maar nie later nie as die datum deur die Raad op Wedrenne en Weddenskappe bepaal, aansoek by daardie Raad vir die hernuwing van die lisensie in die vorm en verstrek die inligting wat genoemde Raad bepaal.

(2) Die bepalings van artikels 18 (3), (4) en (5), 19 en 20 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek in subartikel (1) beoog.

(3) Die Raad op Wedrenne en Weddenskappe oorweeg elke aansoek wat ingevolge subartikel (1) ontvang word en indien toegestaan, reik aan die aansoeker 'n beroepswedderslisensie uit.

Van die hand sit van beroepsweddersbesigheid

23. (1) (a) Wanneer 'n gelisensieerde beroepswedder van voorneme is om sy besigheid in 'n Tattersalls of op 'n gelisensieerde renbaan van die hand te sit aan iemand anders as 'n gelisensieerde beroepswedder, of waar hy besigheid in vennootskap dryf en voornemens is om sy belang in die vennootskap van die hand te sit aan iemand anders as 'n gelisensieerde beroepswedder, stel so 'n beroepswedder die Raad op Wedrenne en Weddenskappe skriftelik in kennis van die naam en adres van die persoon (hierna die aansoeker genoem) aan wie hy voornemens is om sy besigheid of sy belang in die vennootskap, na gelang van die geval, van die hand te sit, en verstrek hy aan die Raad op Wedrenne en Weddenskappe die verdere inligting wat daardie Raad nodig ag.

(b) Nadat aan die bepalings van paragraaf (a) voldoen is, word dit geag dat daar 'n vakature vir 'n beroepswedder in die betrokke Tattersalls of op die betrokke gelisensieerde renbaan bestaan: Met dien verstande dat die gelisensieerde beroepswedder kan voortgaan om besigheid te dryf tot tyd en wyl die vakature gevul is.

(c) Slegs die aansoeker kan 'n aansoek indien om 'n vakature in paragraaf (b) beoog, te vul, en by die toepassing van artikel 18 word so 'n aansoek geag 'n aansoek te wees soos in subartikel (2) van daardie artikel beoog.

(d) Waar vir welke rede ook al 'n beroepswedderslisensie nie aan die aansoeker toegestaan word nie, word dit geag dat die kennisgewing in paragraaf (a) beoog, nie gegee is nie.

(2) (a) Wanneer 'n gelisensieerde beroepswedder voornemens is om sy besigheid van die hand te sit aan 'n ander gelisensieerde beroepswedder, of waar 'n gelisensieerde beroepswedder wat besigheid in vennootskap dryf voornemens is om sy belang in die vennootskap van die hand te sit aan 'n ander gelisensieerde beroepswedder, verstrek die gelisensieerde beroepswedder wat sy besigheid of sy belang in die vennootskap, na gelang van die geval, van die hand wil sit, skriftelik volle besonderhede van die voorgenome van die hand sit aan die Raad op Wedrenne en Weddenskappe, en nader die gelisensieerde beroepswedder wat die besigheid of belang in die vennootskap, na gelang van die geval, wil bekom, onverwyld die Raad op Wedrenne en Weddenskappe vir die toekenning ingevolge artikel 16 (1) van die betrokke hokkie of staanplek of vir magtiging ingevolge paragraaf (b) van artikel 21 (2), om 'n vennoot in die betrokke besigheid te word, na gelang van die geval.

(b) Waar die Raad op Wedrenne en Weddenskappe weier om die betrokke hokkie of staanplek toe te ken of die nodige magtiging te verleen aan die gelisensieerde beroepswedder wat die besigheid of belang in die vennootskap wil bekom soos in paragraaf (a) beoog, vervel die voorgenome van die hand sit van die betrokke besigheid of belang.

(3) Wanneer 'n gelisensieerde beroepswedder sterf, gaan die beroepswedderslisensie wat hy gehou het, behoudens die reg met betrekking tot bestorwe boedels, oor op die eksekuteur in die boedel van so 'n beroepswedder vir 'n tydperk van 90 dae, of die langer tydperk wat die Raad op Wedrenne en Weddenskappe bepaal, bereken vanaf die datum van aanstelling van so 'n eksekuteur, gedurende welke tydperk hy die betrokke beroepsweddersbesigheid of die oorfede beroepswedder se belang in so 'n besigheid van die hand kan sit op die wyse in die voorafgaande subartikels uiteengesit, en waar die eksekuteur in gebreke bly om binne genoemde tydperk die besigheid of belang van die hand te sit, word die lisensie van nul en gener waarde.

(3) Every licensed bookmaker who is a partner in a bookmaker's business by virtue of subsection (2) (b) shall in respect of every business in which he is partner—

(a) keep the Racing and Betting Board informed of any change in the nature and extent of his interest; and

(b) furnish the Racing and Betting Board with a separate guarantee for the payment of betting debts as contemplated in section 19 (2).

Renewal of bookmaker's licence

22. (1) A licensed bookmaker who desires to renew his bookmaker's licence shall, before the expiry thereof, but not later than the date determined by the Racing and Betting Board, apply to that Board for the renewal of the licence in such form and shall furnish such information as the said Board may determine.

(2) The provisions of sections 18 (3), (4) and (5), 19 and 20 shall apply *mutatis mutandis* to an application contemplated in subsection (1).

(3) The Racing and Betting Board shall consider every application received in terms of subsection (1) and if approved, shall issue to the applicant a bookmaker's licence.

Disposal of bookmaker's business

23. (1) (a) When a licensed bookmaker intends to dispose of his business in a Tattersalls or on a licensed race-course to any person other than a licensed bookmaker or, or where he carries on his business in partnership, intends to dispose of his interest in the partnership to any person other than a licensed bookmaker, such bookmaker shall notify the Racing and Betting Board in writing of the name and address of the person (hereinafter referred to as the applicant) to whom he intends disposing his business or his interest in the partnership, as the case may be, and shall furnish the Racing and Betting Board with such further information as that Board may deem necessary.

(b) After the provisions of paragraph (a) have been complied with it shall be deemed that a vacancy for a bookmaker exists in the Tattersalls or on the licensed race-course concerned: Provided that the licensed bookmaker may continue to carry on business until such time as the vacancy is filled.

(c) Only the applicant may submit an application to fill a vacancy contemplated in paragraph (b), and for purposes of section 18, such application shall be deemed to be an application as contemplated in subsection (2) of that section.

(d) Where for any reason a bookmaker's licence is not granted to the applicant, it shall be deemed that the notice contemplated in paragraph (a) was not given.

(2) (a) When a licensed bookmaker intends to dispose of his business to another licensed bookmaker, or where a licensed bookmaker carrying on business in partnership intends to dispose of his interest in the partnership to another licensed bookmaker, the licensed bookmaker who intends to dispose of his business or his interest in the partnership, as the case may be, shall furnish to the Racing and Betting Board full particulars in writing of the intended disposal, and the licensed bookmaker who wants to acquire the business or interest in the partnership, as the case may be, shall forthwith approach the Racing and Betting Board for the allocation in terms of section 16 (1) of the cubicle or stand concerned or for authority in terms of paragraph (b) of section 21 (2) to become a partner in the business concerned, as the case may be.

(b) Where the Racing and Betting Board refuses to allocate the cubicle or stand concerned or grant the necessary authority to the licensed bookmaker who wants to acquire the business or interest in the partnership as contemplated in paragraph (a), the intended disposal of the business or interest concerned shall lapse.

(3) When a licensed bookmaker dies the bookmaker's licence held by him shall, subject to the law relating to deceased estates, vest in the executor of the estate of such bookmaker for a period of 90 days, or such longer period as the Racing and Betting Board may determine, calculated from the date of appointment of such executor, during which time he may dispose of the bookmaker's business concerned or the interest of the deceased bookmaker in such business in the manner set out in the preceding subsections, and where the executor fails to dispose of such business or interest within the said period, the licence shall become null and void.

Lidmaatskap van vereniging van beroepswedders

24. (1) Binne 14 dae na die datum van inwerkingtreding van die Wysigingsproklamasie op Perdewedrenne en Weddenskappe, 1993, of na die uitreiking van 'n beroepswedderslisensie ingevolge artikel 20, moet elke gelisensieerde beroepswedder in die Provinsie 'n lid van 'n vereniging van beroepswedders wat deur die Raad op Wedrenne en Weddenskappe goedgekeur is, word en moet so 'n lid bly.

(2) (a) Die grondwet en reëls van die vereniging in subartikel (1) beoog, word deur die Raad op Wedrenne en Weddenskappe goedgekeur, en geen wysiging aan so 'n grondwet of reëls het enige regskrag nie alvorens genoemde Raad die wysiging goedgekeur het.

(b) In genoemde grondwet of reëls kan voorsiening gemaak word vir die registrasie van 'n persoon as 'n beroepsweddersklerk en die uitreiking aan hom deur die vereniging van 'n bewys van sodanige registrasie.

(3) Waar 'n gelisensieerde beroepswedder vir welke rede ook al ophou om 'n lid te wees van die vereniging in subartikel (1) beoog, word sy beroepswedderslisensie van nul en gener waarde vanaf die datum waarop hy ophou om so 'n lid te wees.

Nakoming van voorwaardes van beroepswedderslisensie

25. 'n Gelisensieerde beroepswedder wat sy besigheid anders as ooreenkomstig die voorwaardes van sy beroepswedderslisensie dryf, is aan 'n misdryf skuldig.

Beroepsweddersbestuurders

26. (1) Behoudens die bepalinge van subartikel (2), kan 'n gelisensieerde beroepswedder iemand in diens neem om sy beroepsweddersbesigheid te bestuur.

(2) Die persoon in subartikel (1) beoog, staan bekend as 'n beroepsweddersbestuurder, en so iemand moet voordat hy aldus in diens geneem kan word, as sodanig geregistreer word deur die Raad op Wedrenne en Weddenskappe.

(3) Iemand wat as 'n beroepsweddersbestuurder geregistreer wil word, doen skriftelik by die Raad op Wedrenne en Weddenskappe aansoek in die vorm en verstrek die inligting, met inbegrip van volle besonderhede van enige kriminele rekord, wat daardie Raad bepaal.

(4) 'n Aansoeker vir registrasie as 'n beroepsweddersbestuurder—

(a) mag nie gedurende die voorafgaande drie jaar—

(i) 'n beroepswedderslisensie gehad het nie wat ingetrek is of waarvan die hernuwing geweier is;

(ii) aan enige oortreding ingevolge die Ordonnansie skuldig bevind gewees het nie;

(b) mag nie enige ander belang as die van werknemer in die besigheid van die beroepswedder of, in die geval van 'n vennootskap, enige van die beroepswedders wat voornemens is om hom in diens te neem, hê nie;

(c) moet, na die mening van die Raad op Wedrenne en Weddenskappe—

(i) karaktervas wees;

(ii) 'n goeie kennis van weddenskappe hê;

(iii) 'n goeie finansiële geskiedenis hê; en

(iv) aanvaarbaar wees as 'n assosiaatlid van die vereniging van beroepswedders in artikel 24 (1) beoog.

(5) Iemand wat as 'n beroepsweddersbestuurder geregistreer is—

(a) kan in diens geneem word om slegs een beroepsweddersbesigheid op 'n keer te bestuur;

(b) kan as sodanig in 'n ander beroepsweddersbesigheid in diens geneem word slegs met die vooraf verkreeë skriftelike goedkeuring van die Raad op Wedrenne en Weddenskappe;

(c) moet onverwyld na sy registrasie 'n assosiaatlid word van die vereniging van beroepswedders in artikel 24 (1) beoog en moet so 'n lid bly.

(6) Die Raad op Wedrenne en Weddenskappe kan te eniger tyd en vir enige rede wat daardie Raad voldoende ag, die registrasie van 'n beroepsweddersbestuurder intrek.

(7) Iemand wat as beroepsweddersbestuurder optree of wat enige handeling verrig wat met die beroep verband hou sonder dat hy geregistreer is soos in hierdie artikel bepaal, is aan 'n misdryf skuldig.

Membership of association of bookmakers

24. (1) Within 14 days from the date of commencement of the Horse-racing and Betting Amendment Proclamation, 1993, or the issue of a bookmaker's licence in terms of section 20, every licensed bookmaker in the Province shall become a member of an association of bookmakers approved by the Racing and Betting Board and shall remain such a member.

(2) (a) The constitution and rules of the association contemplated in subsection (1) shall be approved by the Racing and Betting Board, and no amendment to such constitution or rules shall have any force or effect before the said Board has approved the amendment.

(b) In the said constitution or rules provision may be made for the registration of a person as a bookmaker's clerk and the issuing to him by the association of proof of such registration.

(3) Where a licensed bookmaker, for whatever reason, ceases to be a member of the association contemplated in subsection (1) his bookmaker's licence shall become null and void with effect from the date he ceases to be such a member.

Compliance with conditions of bookmaker's licence

25. A licensed bookmaker who carries on his business as bookmaker otherwise than in accordance with the conditions of his bookmaker's licence, shall be guilty of an offence.

Bookmakers' managers

26. (1) Subject to the provisions of subsection (2), a licensed bookmaker may employ a person to manage his bookmaker's business.

(2) The person contemplated in subsection (1) shall be known as a bookmaker's manager, and such person shall, before he may be so employed, be registered as such by the Racing and Betting Board.

(3) Any person who desires to be registered as a bookmaker's manager shall apply in writing to the Racing and Betting Board in such form and furnishing such information, including full particulars of any criminal record, as that Board may determine.

(4) An applicant for registration as a bookmaker's manager—

(a) shall not during the preceding three years—

(i) have held a bookmaker's licence which was cancelled or the renewal whereof was refused;

(ii) have been convicted of any offence in terms of this Ordinance;

(b) shall not have any interest, other than that of an employee, in the business of the bookmaker or, in the case of a partnership, any of the bookmakers who intends to employ him;

(c) shall, in the opinion of the Racing and Betting Board—

(i) be of sound character;

(ii) have a sound knowledge of bookmaking;

(iii) have a good financial record; and

(iv) be acceptable as an associate member of the association of bookmakers contemplated in section 24 (1).

(5) A person registered as a bookmaker's manager—

(a) may be employed to manage only one bookmaker's business at any time;

(b) may only be employed as such in another bookmaker's business with the prior written approval of the Racing and Betting Board;

(c) shall forthwith after his registration become an associate member of the association of bookmakers contemplated in section 24 (1) and remain such a member.

(6) The Racing and Betting Board may at any time, and for any reason that Board deems sufficient, cancel the registration of a bookmaker's manager.

(7) Any person who acts as a bookmaker's manager or performs any act connected with such calling without being registered as provided in this section, shall be guilty of an offence.

Boeke en rekords gehou te word deur beroepswedder

27. Elke gelisenseerde beroepswedder moet gepaste rekening-boeke hou, met inbegrip van—

- (a) 'n kasboek;
- (b) 'n weddenskapstrokieboek;
- (c) 'n baanboek;
- (d) 'n vereffeningsboek;
- (e) 'n debiteursgrootboek;
- (f) 'n logboek;
- (g) 'n rekordboek wat alle transaksies met ander gelisenseerde beroepswedders aantoon;
- (h) 'n boek wat alle transaksies met krediteur-klante aantoon;
- (i) 'n bank deposito boek; en
- (j) 'n tjekboek,

asook alle ander boeke en rekords wat die Raad op Wedrenne en Weddenskappe van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die boeke en rekords in subartikel (1) genoem—

- (a) is in die formaat;
- (b) bevat die inligting;
- (c) word op die wyse gehou; en
- (d) word te alle tye in veilige bewaring gehou en wanneer vol, word vir die tydperk vol, word vir die tydperk gehou, wat die Raad op Wedrenne en Weddenskappe bepaal.

(3) Onderworpe aan die bedinge en voorwaardes wat die Raad op Wedrenne en Weddenskappe bepaal, kan 'n gelisenseerde beroepswedder, met die toestemming van daardie Raad, 'n gerekenariseerde stelsel van rekordhouding 'en aangaan van weddenskappe gebruik.

(4) 'n Gelisenseerde beroepswedder wat die bepalings van subartikel (1) of (2) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan misdryf skuldig.

(5) (a) 'n Gelisenseerde beroepswedder of enige beroepsweddersbestuurder of beroepsweddersklerk in die diens van 'n gelisenseerde beroepswedder wat opsetlik nalaat om 'n weddenskap in die boek of rekord en in die formaat op te teken waarin dit ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie of enige regulasie of reël daarkragtens gemaak, opgeteken moet word, is aan 'n misdryf skuldig.

(b) In enige vervolging vir 'n oortreding van paragraaf (a) word dit vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die beskuldigde opsetlik nagelaat het om die betrokke weddenskap op te teken of opsetlik nagelaat het om dit in die formaat op te teken waarin dit opgeteken moet word.

Plig om lisensie of bewys van registrasie te toon

28. (1) Iemand wat—

- (a) die besigheid van 'n beroepswedder dryf;
 - (b) enige handeling verrig wat betrekking het op die besigheid van 'n beroepswedder in sy hoedanigheid as beroepsweddersbestuurder of as beroepsweddersklerk,
- toon onverwyld op versoek van 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of 'n gemagtigde beampte sy beroepswedderslisensie of bewys van sy registrasie as 'n beroepsweddersbestuurder of beroepsweddersklerk, na gelang van die geval.

(2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Opskorting of Intrekking van beroepswedderslisensie

29. (1) Wanneer 'n gelisenseerde beroepswedder skuldig bevind word aan enige oortreding ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie, kan die hof die intrekking van die beroepswedderslisensie van daardie beroepswedder gelas.

(2) Waar 'n beroepswedderslisensie ingevolge subartikel (1) ingetrek word, stel die griffier of klerk van die betrokke hof onverwyld die Raad op Wedrenne en Weddenskappe daarvan in kennis.

(3) Die Raad op Wedrenne en Weddenskappe kan—

- (a) te eniger tyd 'n beroepswedderslisensie opskort vir die tydperk wat hy goed ag; of

Books and records to be kept by licenced bookmaker

27. (1) Every licensed bookmaker shall keep proper books of account including—

- (a) a cash book;
- (b) a betting slip book;
- (c) a field book;
- (d) a settling book;
- (e) a debtor's ledger;
- (f) a log book;
- (g) a record book reflecting all transactions with other licenced bookmakers;
- (h) a book reflecting all transactions with credit clients;
- (i) a bank deposit book; and
- (j) a cheque book,

